NG Gemeente Parkkruin

Vakature: Jeugleraar (2 Jaar Termynpos)

GEMEENTEPROFIEL

Parkkruin Familiekerk is geleë in Parkview, Johannesburg. Die gemeente het nagenoeg 652 belydende lidmate en 309 dooplidmate. Die gemeente strewe daarna om in gesinsverband 'n lig vir die gemeenskap te wees.
Ons leuse is *Geseën om te seën*.

Die demografie van die aktiewe gemeentelede bestaan oorwegend uit jong, getroude families uit die breër gemeenskap.

Ons glo in belewenis-gedrewe eredienste, 'n ontmoeting met God asook 'n ontmoeting met medegelowiges. Ons probeer 'n gasvrye, vriendelike omgewing skep vir gemeentelede en besoekers. Musiek speel 'n belangrike rol in ons bediening.

JEUGLERAARPROFIEL

Die jeugleraar sal betrek word as medeleraar in 'n gevestigde, dinamiese gemeente.

Parkkruin Familiekerk bied tans twee gelyktydige eredienste aan elke Sondagoggend om 09h00, een spesifiek vir jonger kinders en hul ouers, en een 'n algemene gesinsdiens. Benewens die ander verpligtinge, in 'n volledige posbeskrywing uiteengesit, sal die jeugleraar die jeug-en-ouer diens waarneem.

PROFIEL VAN IDEALE KANDIDAAT:

- Passievol veral oor die jeug en gesinne
- Lief vir die Woord
- Dinamies en betrokke
- Innoverend
- Roepingsbewus
- Spanspeler
- Verbind tot gemeente-bou en gemeenskap-bou
- Kwalifikasie en ondervinding in jeugwerk en/of berading word aanbeveel
- Ervaring in die implementering van 'n Jeug strategie sal in die kandidaat se guns tel

['n Volledige posbeskrywing is beskikbaar per e-pos op aanvraag by die kerkkantoor].

Die jeugleraarspos is nuut gestig, maar volg op gevestigde poste. Die aanvangsdatum sal DV op 1 Julie 2018 wees.

VERGOEDING:

'n Alles-insluitende pakket gelykstaande aan Kerf 1 vir 'n 20-uur per week pos, wat pensioendraend is, word aangebied vir 'n twee-jaar termyn. Die pakket kan belastingvoordelig gestruktureer word.

AANSOEKE:

Verskaf 'n verkorte CV met volledige kontakbesonderhede en drie referente. Heg ook 'n persoonlikheidsontleding aan (indien u daaroor beskik).

SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE: Woensdag 25 April 2018. Stuur asb. aansoeke na die Kerkkantoor: kerkkantoor@parkkruin.co.za

NAVRAE:

Voorsitter, Kerkraad: Jean Pierre Snijders – 082 994 2160; jp.snijders@gmail.com
Kerkkantoor: Deonette van der Merwe: Tel no: (011) 646 1421

Adres: Dundallaan 13, Parkview, Johannesburg; Posbus 72002, Parkview, 2122

Die kerkraad behou die reg voor om geen aanstelling te maak nie.